

Dink jy jy het COVID-19?

BLY VEILIG

GAAN
VOORT

Jy het dalk COVID-19 as jy enige van die volgende ontwikkel:

- Hoes
- Seer keel
- Verlies aan smaak of reuk
- Kortasemrigheid of moeilike asemhaling
- Die delta-variant van die koronavirus kan ook hoofpyn, 'n loopneus of toe neus, nies en swakheid of moegheid veroorsaak.

Ons moet COVID-toetse prioritiseer vir mense wat in gevaar is vir ernstige COVID of wat waarskynlik die virus sal versprei:




Jy kwalifiseer vir 'n COVID-toets as jy COVID-simptome het én:

1. In die hospitaal opgeneem is.
2. Ouer as 45 jaar is.
3. Enige van die volgende toestande het:
 - Diabetes
 - Vetsug
 - Hoë bloeddruk
 - MIV
 - Hart-, long- of niersiekte
 - Kanker
 - Tuberkulose
4. Nabye kontak gehad het met 'n groep mense wat COVID-19 het.



**Kontak jou gesondheidsfasiliteit
of die Wes-Kaapse inbelsentrum:
0860 142 142 om te praat oor 'n COVID-19-toets.**

Daar is 2 soorte COVID-toetse (neusdeppers)



Antigeentoets:

- As dit positief is, het jy COVID-19.
- As dit negatief is, kan hierdie uitslag onbetroubaar wees in die derde vlag wat tans heers, so 'n PCR-toets sal ook gedoen word. Gaan voort met isolasie totdat jy jou PCR-toetsuitslag kry.



PCR-toets:

- As dit positief is, het jy COVID-19.
- As dit negatief is en jy het nog simptome, kontak jou gesondheidswerker, want jy het dalk steeds COVID-19.

As jy voorheen 'n positiewe toetsuitslag vir koronavirus gehad het, maar jy het nuwe koronavirus-simptome, moet jy net 'n toets laat doen as jou eerste toets 30 dae of meer gelede gedoen is.



As jy COVID-simptome het, maar nie kwalifiseer vir 'n COVID-toets nie:

Die dokter of verpleegkundige sal jou in kennis stel of jy waarskynlik COVID-19 het of nie. As hulle jou inlig dat jy waarskynlik COVID-19 het, moet jy by die huis bly en afgesonder bly van die ander mense in jou huis vir 10 dae vandat jou simptome begin het. As jy dit nie kan doen nie, vra dan die dokter of verpleegkundige om jou te verwys om in veilige en gemaklike akkommodasie te gaan bly. Die dokter of verpleegkundige sal jou 'n siekbrief gee.

